

## As julle in die land kom

Num 15:1-41

11 Julie 2021

1. Num 15 handel grotendeels oor voorskrifte vir offers en klossies aan klere
  - a. Onverwagse onderbreking van narratiewe beskrywing tot Num 14, en weer vanaf Num 16
  - b. Hoekom nie ingesluit by Lev 1-7 of Num 29 nie?
  - c. Na Kades-Barnea was die gemoed van die volk op laagtepunt
  - d. Vs 2: As julle in die land kom wat Ek vir julle as woonplek gee...
  - e. Doel van Num 15: Die Here bemoedig die volk, en gee raad vir die vlge 40 jaar deur oor 3 sake met volk te praat
2. Offers in die beloofde land (v1-21)
  - a. Bykomende voorskrifte vir diere-offers wat sal geld wanneer die volk in beloofde land is:
    - i. Moet kombineer met fynmeel, olie en wyn – produkte van die beloofde land
    - ii. Hoe groter die dier, hoe meer fynmeel, olie en wyn
  - b. Offers in beloofde land is nog liefliker geur voor die Here
  - c. Selfde reëling geld vir landsburgers en vreemdelinge onder die volk
  - d. Eerste deel van graanoes moet gebruik word ringbrood aan die Here te offer
3. Vergifnis van sonde (v22-36)
  - a. Volk kon besorgd wees oor hulle weer in sonde kan val
  - b. Die Here beloof vergifnis vir onopsetlike sondes, solank hulle die voorgeskrewe offers bring
  - c. Die Here waarsku dat daar geen offer is vir opsetlike sondes nie – skuldiges moet doodgemaak word
  - d. Sabbatskender was skuldig aan opsetlike sonde, en is doodgemaak
4. Klossies aan klere (v37-41)
  - a. Klossies moes herinner aan gebooie van die Here, waarsku teen sondige begeertes
  - b. Blou toutjie moes hulle herinner hulle is deel van koninklike priesterdom
5. Implikasies vir ons:
  - a. Heerliker offers in beloofde land
    - i. Ons moet ons nou alreeds ons hele lewe aan die Here wy (Rom 12:1)
    - ii. In hiernamaals bring ons nog heerliker offers as nou (Op 19:1-8)
  - b. Versoening vir sondes
    - i. Versoening vir sondes is beskikbaar vir gelowiges (1 Joh 1:9)
    - ii. Nuwe Testament bevestig daar is nie vergifnis vir opsetlike sondes nie (Heb 10:26-27, 1 Joh 5:16, Mark 3:29)
    - iii. Bemoedigende NT voorbeelde van vergifnis: Luk 23:34, Hand 3:17, 1 Tim 1:13
    - iv. Sondes kan in onskuld gedoen word. Of sondes kan in moedswilligheid / met opset gedoen word. Meeste sondes bevat beide elemente. Sondes waar geen of min onskuld teenwoordig is, is onvergeefbaar.
  - c. Klossies aan klere
    - i. Fariseërs het groot klossies gedra om mense te beïndruk (Mat 23:5)
    - ii. Praktiese “klossies”: vertoon van Bybelverse, vers/gedagte vir die dag, memorisering van Bybelverse, sinvolle in-diepte Bybelstudie